



*(English below)*

**Mosie 3: 20/03/2013**

**Voorsteller:** *Clinton du Preez*

**Sekondant:** *Ziyanda Stuurman*

Die Studenteraad (SR) van die Universiteit Stellenbosch (US) ondersteun hiermee die tweede mosie (soos voorgelê aan die US Konvokasie deur mnr. Wiaan Visser) ten gunste van die voorgestelde nuwe Koshuisplasingsbeleid wat bespreek sal word by die Spesiale Konvokasie sitting van 11 April 2013.

Die **volle teks** van beide mosies is beskikbaar op die US se webtuiste by:  
[www.sun.ac.za/university/Management/Konvokasie/announcements.html](http://www.sun.ac.za/university/Management/Konvokasie/announcements.html)

**Motivering:**

Die SR glo dat die voorgestelde beleid:

- in lyn is met die waardes van die Grondwet van die RSA (1996)
- in pas is met die visie en missie van die SR 2013, sowel as die US.
- die oortuiging uitleef dat uitnemendheid versterk word deur diversiteit.

**\*Ons verwys na die aangehegde verklaring oor die SR se posisie aangaande die implimentering van die voorgestelde beleid.**



**Die Posisie van die SR aangaande die voorgestelde nuwe  
Koshuisplasingbeleid**

Die SR ondersteun die voorgestelde nuwe Koshuisplasingbeleid in die vorm van 'n stemming (Mosie 3:20/03/2013) ten gunste van die tweede mosie voorgelê aan die US Konvokasie deur mnr. Wiaan Visser wat bespreek sal word tydens die spesiale Konvokasie vergadering op 11 April 2013.

Alhoewel die motivering vir ons ondersteuning van die mosie reeds duidelik uiteengesit word in Mosie 3:20/03/2013, gee hierdie verklaring verdere duidelikheid oor die SR se toegewydheid aangaande die implimentering van die beleid. Soos reeds gestel, stem die SR saam met die beginsels van die beleid en glo ons dat dit nie net in pas is met die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet nie, maar ook met 'n veranderende US.

Ons verstaan dat vir praktiese doeleindes is sekere spesifikasies (bv. die diversiteits persentasies) geskei van beleidsbeginsels en riglyne om die nodige aanpasbaarheid op 'n jaarlikse basis te verleen aan die implimentering van die beleid. As SR sal ons deelvorm van die konsultasieproses wanneer die spesifikasies aangepas word, aangesien ons glo dat dit van kardinale belang is vir die studente stem om verteenwoordig te word op hierdie kwessie, nes dit tot dusver was. Hierdeur sal ons nie net 'n bydra kan lewer tot die transformasie van ons universiteit nie, maar sal ons ook kan verseker dat die voorgestelde beleid die veranderende stem van toekomstige studente sal reflekteer, namate dit geïmplimenteer en jaarliks aangepas word.

Ons erken dat die studente van die US uiteenlopende opinies het oor die voorgestelde beleid. Na omvattende konsultasie met studente via verskeie platforms en terwyl ons erken dat byna die helfde van die SR bestaan uit Konvokasie-lede, het die SR dit nodig geag om amptelik standpunt in te neem oor hierdie belangrike saak. Ons hoop dus dat die US Konvokasie die stem van die huidige studente van 'n veranderende US in ag sal neem wanneer hulle hul opinie lug oor die saak.

Laastens hoop ons inniglik dat die stem van studente reflekteer in die besluit van die US Raad oor die saak later hierdie kwartaal.

Groete

SR 2013

### **Motion 3: 20/03/2013**

**Mover:** *Clinton du Preez*

**Secunder:** *Ziyanda Stuurman*

The Stellenbosch University (SU) Student's Representative Council (SRC) hereby supports the second motion put forward to the SU Convocation by Mr. Wiaan Visser in favour of the proposed new Residence Placement Policy which is to be discussed at the Special Convocation meeting on 11 April 2013.

**The full text** of the two motions is available on SU's web page at:

[www.sun.ac.za/university/Management/Konvokasie/announcements.html](http://www.sun.ac.za/university/Management/Konvokasie/announcements.html)

#### **Motivation:**

The SRC believes the proposed policy

- is in line with the values enshrined in the Constitution of the RSA (1996)
- is in the spirit of the vision and mission of the SRC 2013 and SU
- puts into action the belief that excellence is strengthened through diversity.

**\*We refer to the attached statement regarding the SRC's position on the implementation of the proposed policy.**

April 2013

### **The Position of the SRC on the proposed new Residence Placement Policy**

The SRC supports the proposed new Residence Placement Policy in the form of a vote (*Motion 3:20/03/2013*) in favour of the second motion put forward to the SU Convocation by Mr. Wiaan Visser which is to be discussed during the SU Convocation Meeting on 11 April 2013.

Although our reasons for supporting the motion have been clearly set out in Motion 3:20/03/2013, this statement is aimed at providing further clarity regarding the SRC's commitment towards the implementation of the policy. As stated, we agree with the principles of the policy and believe that it is in pace not only with the values of the South African Constitution, but also with a changing SU.

We understand that for implementation practicalities, certain specifics (e.g. the diversity percentages) have been differentiated from policy principles and guidelines, in order to lend adaptability to the policy's implementation on an annual basis. As an SRC, we will form part of the consultation process when these figures are adapted as we believe it is vital for the student voice to be represented on the matter, as it has been thus far. We would thereby not only be able to contribute to the transformation of our University, but would also ensure that the proposed policy reflects the changing voice of future students, as it is implemented and reviewed annually.

We acknowledge that the students of SU have diverse opinions about the proposed policy. After extensive consultation from students through various bodies while recognising that about half of the SRC consists of SU Convocation members, we have deemed it necessary to take a stance on such an important issue. We therefore hope that the SU Convocation will consider the voice of the current students of a changing SU, when expressing its opinion.

Lastly, we earnestly hope to see the student voice reflected in the decision of the SU Council on the matter later this term.

Regards

SRC 2013